higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N570**(A)**(J7)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6

(4010216)

7 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n antwoordboek van 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die aangehegte ANTWOORDBOEK.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Skryf jou EKSAMENNOMMER op elke bladsy van die aangehegte ANTWOORDBOEK.
4. Toon AL jou berekeninge tussen hakies, waar toepaslik.
5. Stel die finansiële state volgens die 2015-leerplan op.
6. Gebruik slegs 'n pen met BLOU of SWART ink.
7. Moet NIE Tipp-Ex gebruik NIE.
8. Rond ALLE bedrae af tot die naaste rand.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer. ℘

1.1.1 Die BTW-bedrag vir 'n artikel is R21.

Die BTW-inklusiewe bedrag is ...

A R18.
B R171.
C R150.
D R221.

1.1.2 Bereken die BTW-eksklusiewe bedrag met behulp van die inligting wat in VRAAG 1.1.1 gegee is.

A R180
B R221
C R150
D R72

℘ 1.1.3 Die elemente van die staat van omvattende inkomste kan volgens die ... daarvan geklassifiseer word.

A aard of funksie
B soort of bedrae
C funksie of wesenlikheid
D aard of wesenlikheid

1.1.4 ... is die aandele waarmee 'n maatskappy geregistreer word.

A Gewone aandele
B Gemagtigde aandele
C Voorkeuraandele
D Aandelekapitaal

1.1.5 Die Maatskappywet erken TWEE soorte maatskappye, naamlik ...

A maatskappye met winsoogmerk en maatskappye sonder winsoogmerk.
B openbare maatskappye en private maatskappye.
C openbare maatskappye en beslote korporasies. ℘
D private maatskappye en beslote korporasies.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Die doel van ... is om 'n maatskappy se finansiële posisie, prestasie en kontantvloei te toon.

A die finansiële state
B die kontantvloeistaat
C rekeningkunde
D die staat van veranderinge in ekwiteit

1.1.7 Die huidige BTW-koers(e) wat in Suid-Afrika geld, is ...

A 14%.
B 0%.
C 14% en 0%.
D 14% en 28%.

1.1.8 Bereken die BTW betaalbaar/terugbetaalbaar as die BTW-inset R2 300 en die BTW-uitset R1 700 is:

A R600
B R4 000
C –R600
D 0

1.1.9 Bates in die staat van finansiële posisie kan bereken word deur ...

A die laste en ekwiteit bymekaar te tel.
B die laste van die ekwiteit af te trek.
C die ekwiteit van die laste af te trek.
D Geeneen van genoemde opsies nie.

1.1.10 Verkope in die staat van omvattende inkomste word as die netto van (of verkope minus) ... getoon.

A BTW
B debiteurekortings
C vervoerkoste vir verkope
D BTW en debiteurekortings

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer. ℘

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Uitgawes	A	bestaan uit brondokumente en analitiese prosedures wat gebruik word om ’n ouditmening te vorm
1.2.2	Ekwiteit	B	word deur eienaars van die maatskappy gehou
1.2.3	Lopende saak	C	waar maatskappye geregistreer word
1.2.4	Laste	D	waar BTW geregistreer word
1.2.5	Nulkoersitems	E	die ouditeure is nie tevrede met die finansiële state nie aangesien daar ongekorrigeerde wesenlike wanvoorstellings is
1.2.6	Vrygestelde items	F	items waarop geen BTW gehef word nie
1.2.7	Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom	G	stel die eienaar se belang in die maatskappy/onderneming voor
1.2.8	Gewone aandele	H	die onderneming se verpligtinge wat vereffen moet word en ’n uitvloei van kontant tot gevolg sal hê
1.2.9	Gekwalifiseerde mening	I	die onderneming se hulpbronne wat monetêre waarde het en gebruik word om inkomste vir die onderneming te genereer
1.2.10	Ouditbewys	J	items waarop BTW teen ’n nulkoers gehef word
		K	betalings wat deur die onderneming gemaak word en wat bates verminder
		L	verminder die aanname dat die onderneming sal voortgaan om in die afsienbare toekoms sake te doen

℘ (10 × 2) (20)

[40]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 'n Dividend is 'n aandeel in 'n maatskappy se wins wat aan die aandeelhouers betaal word.

2.1.2 'n Eksterne oudit word deur 'n werknemer van die maatskappy uitgevoer.

2.1.3 Een van die doelwitte van 'n interne oudit is om te verseker dat bates in veilige bewaring gehou word.

2.1.4 Salarisse en lone word van BTW vrygestel.

2.1.5 Inset-BTW is BTW wat die onderneming ten opsigte van sy klante op belasbare lewerings hef.

2.1.6 'n Bedrag in die BTW-kontrolerekening is 'n las wanneer die uitsetbelasting minder as die insetbelasting is.

2.1.7 'n BTW-ondernemer hef en samel BTW namens die SAID in.

2.1.8 Goeie finansiële state moet deur die gemiddelde gebruiker verstaan kan word.

2.1.9 Dit is verpligtend dat maatskappye in staatsbesit geoudit moet word.

2.1.10 Openbare maatskappye verkry kapitaal deur aandele aan sy bestaande aandeelhouers uit te reik.

(10 × 2) (20)

2.2 Onderskei tussen 'n openbare maatskappy, private maatskappy en maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid as vorme van eienaarskap deur die volgende tabel in te vul:

PUNTE VAN ONDERSKEIDING	OPENBARE MAATSKAPPY	PRIVATE MAATSKAPPY	MAATSKAPPY MET PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID
Die maatskappy se naam			
Die verkryging van kapitaal			
Eienaars/direkteure se aanspreeklikheid			
Die oudit van die finansiële state			
Minimum aantal direkteure			
Winsdeling			

(3 × 6) (18)

2.3 Watter wet reguleer maatskappye in Suid-Afrika? ℘ (2)

2.4 In watter maatskappydokument word aandeelhouers en direkteure se regte, pligte en verantwoordelikhede uiteengesit? (2)

2.5 Waarvoor staan IFVS ('IFRS')? (2)

2.6 Wat word as bewys aan aandeelhouers gegee dat hulle aandele in 'n maatskappy besit? (2)

2.7 Bereken die volgende in die aantekeninge by die finansiële state met behulp van die inligting wat hier onder gegee word:

2.7.1 Teruggehoue inkomste soos dit in die staat van veranderinge in ekwiteit verskyn (12)

℘ 2.7.2 Die drabedrag van die voertuig soos dit in die aantekeninge by die finansiële state verskyn (Toon AL die items wat kragtens die IFRS verlang word.) (14)

UITTREKSELS UIT CHAUKE (EDMS) BPK SE REKORDS VIR OKTOBER 2017

Gemagtigde aandele: 5 000 000 gewone aandele @ R1 elk	5 000 000
200 000 10%-voorkeuraandele @ R2 elk	400 000
Uitgereikte aandelekapitaal: 220 000 gewone aandele	220 000
50 000 10%-voorkeuraandele	100 000
Voertuig	350 000
Opgehoopte waardevermindering: 1 November 2016	70 000
Waardevermindering vir die jaar	15 000
Teruggehoue inkomste: 1 November 2016	150 000
Netto wins voor belasting	950 000

Die volgende inligting moet nog in berekening gebring word:

℘

- Die oordrag van R30 000 uit teruggehoue inkomste na algemene reserwes moet nog gedoen word.
- 'n Gewone dividend van R0,20 per aandeel is verklaar.
- Inkomstebelasting vir die jaar beloop R15 000.
- 'n Nuwe voertuig is vir R30 000 aangekoop en is geboekstaaf. 'n Voertuig met 'n kosprys van R22 000 en opgehoopte waardevermindering van R12 000 (op die verkoopsdatum) is gedurende die jaar verkoop. Hierdie transaksie is nie geboekstaaf nie.
- Herstelwerk van R2 000 aan toerusting is gedoen, maar nie geboekstaaf nie.

[72]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Die volgende inligting is uit Malapane BK se boeke op 30 Junie 2017, die einde van die finansiële jaar, geneem:

MALAPANE BK SE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 JUNIE 2017

	FOL.	DEBITEER		KREDITEER	
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING					
Lid se bydrae: Malatji				184 500	00
Paseka				184 500	00
Voertuig		534 000	00		
Opgehoopte waardevermindering: Voertuig				332 528	00
Masjinerie		355 668	00		
Opgehoopte waardevermindering: Masjinerie				148 308	00
Voorraad		460 956	00		
Bank		20 904	00		
Kleinkas		1 500	00		
Los kontant		2 106	00		
Debiteurekontrole		54 000	00		
Krediteurekontrole				70 092	00
Verband: (10%)				297 000	00
Belegging: VBS Bank (12%)		237 000	00		
NOMINALEREKENINGE-AFDELING					
Verkope				958 380	00
Koste van verkope		257 850	00		
Debiteurekortings		15 750	00		
Water en elektrisiteit		28 404	00		
Slegte skuld		16 470	00		
Huurinkomste				18 768	00
Slegte skuld verhaal				270	00
Telefoon		2 418	00		
Versekering		84 000	00		
Korting toegestaan		16 404	00		
Reklame		10 776	00		
Rente ontvang				13 104	00
Rente op verbandlening		42 000	00		
Verbruiksvoorraad		3 204	00		
Salarisse		47 040	00		
		2 190 450	00	2 190 450	00

Kopiereg voorbehou

Die volgende inligting moet nog in berekening gebring word:

1. Die versekeringspremies is tot en met 31 Augustus 2017 betaal.

2. Die belegging in VBS Bank is op 1 Januarie 2017 gemaak.

3. Die huurinkomste sluit R368 vir Julie 2017 uit.

4. Water en elektrisiteit is tot en met Mei 2017 betaal.

5. Daar moet soos volg vir waardevermindering voorsiening gemaak word:

   5.1 Voertuig, teen 15% per jaar volgens die reguitlynmetode

   5.2 Toerusting, teen 10% per jaar volgens die verminderendesaldo-metode

6. Die verkoopsbedrag sluit BTW van R117 696 in.

7. Die rente op die verbandlening moet aangesuiwer word.

8. Grond en geboue is op 1 Augustus 2016 vir R100 000 aangekoop en is op 31 Mei 2017 vir R120 000 herwaardeer. Sowel die aankoop as die herwaardasie is nie geboekstaaf nie.

9. Inkomstebelasting word teen 28% gehef.

GEVRA:

Stel Malapane BK se staat van omvattende inkomste op vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 met behulp van bogenoemde proefbalans en die inligting wat verskaf is. **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Inligting oor die volgende saldo's verskyn in Magaxa BK se boeke op 31 Desember 2017:

UITTREKSEL UIT MAGAXA BK SE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 31 DESEMBER 2017

	2017	2016
Debiteurekontrole	236 600	235 000
Voorraad	325 000	340 000
Kontant en kontantekwivalente	72 000	33 000
Krediteurekontrole	6 000	13 000
Uitkering aan lede	35 000	40 000
Belasting betaalbaar	41 000	40 000
Voorsiening vir slegte skuld	5 500	4 100

UITTREKSEL UIT DIE STAAT VAN WINS EN VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE, 2017"

Verkope	450 000
Netto wins ná belasting	75 000
Waardevermindering	7 500
Rente ontvang	4 000
Rente betaal	3 600
Verlies op verkoop van bate	800
Uitkering aan lede	20 000
Inkomstebelastinguitgawe	21 000

GEVRA:

4.1 Berei die kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 voor. (Berei slegs die kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite voor.) (6)

4.2 Stel die volgende aantekeninge by die kontantvloeistaat op:

4.2.1 Belasting van en uitkering aan lede (8)

4.2.2 Rekonsiliasie van netto wins voor belasting, met kontant uit bedrywighede gegenereer (16)
[30]

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die volgende pligte uitgevoer word deur/state verwys na die EKSTERNE OUDITEUR of die INTERNE OUDITEUR. Skryf slegs 'Eksterne ouditeur' of 'Interne ouditeur' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer. ℘

5.1.1 Onafhanklike kontrakteur

5.1.2 Die werk wat hy/sy verrig, is deurlopend. Oudits word die hele jaar deur uitgevoer.

5.1.3 Dit word gedoen deur 'n werknemer van die organisasie wat op die organisasie se betaalstaat is.

5.1.4 Die vernaamste probleem is om wesenlike bedrog en wanvoorstellings op te spoor.

℘ 5.1.5 Ontwikkel en hou die organisasie se interne beheermaatreëls in stand.

5.1.6 Die werk is periodiek, een of twee keer per jaar.

5.1.7 Ouditeure is aan die bestuur verantwoordelik en aanspreeklik.

5.1.8 Ouditeure is aan die aandeelhouers verantwoordelik en aanspreeklik.

5.1.9 Die verslae wat uitgereik word, word deur belanghebbers soos beleggers gebruik.

5.1.10 Ondersoek/oudit die finansiële state/rekords en reik 'n mening oor 'n maatskappy se finansiële state uit.

(10 × 2) (20)

5.2 Definieer die volgende terme:

5.2.1 Interne oudit ℘

5.2.2 Interne beheermaatreël

(2 × 4) (8)

[28]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou